## DIE LONG TOMS: WAT HET VAN HULLE GEWORD?

Die Long Toms was die vier baaskanonne van die Boere wat in die Tweede Vryheidstryd teen die Engelse gebruik was. Die kanonne is in Frankryk deur die Creusot-fabriek gemaak, en was groot swaar vestingkanonne. Elkeen het sowat 15,750 pond geweeg, die loop was 15 voet lank en die totale lengte van die kanon was sowat 25 voet. Die deursnee van die loop was 6 duim en 'n bom het 94 pond geweeg. Long Tom was 'n voorlaaier, d.w.s. 'n sakkie kruit word voor by die bek ingestoot, dan volg die pluisie en laaste die bom.

Met die uitbreek van die oorlog het die Republiek vier van die kanonne tot hulle beskikking gehad met die volgende ammunisie: 4,000 bomme, 4,000 skrapnel en 800 kartetse. (Die bogenoemde besonderhede is deur die Krygshistoriese afdeling van die Weermag verskaf). Met 'n trefafstand van 12,000 treë was 'n Long Tom 'n gedugte wapen. Die vyand het geen geskut gehad wat gemonster kon word teen 'n Long Tom, wat trefafstand, sekuurheid en slaankrag betref het nie.

Die naam Long Tom is aan die kanonne gegee deur die Engelse, klaarblyklik as gevolg van hulle lang lope of lang trefafstand. President Kruger was gladnie ingenome met die naam nie. Hy het gesê dat dit 'n heksenaam van Londen is. Hy het die kanonne graag Raakskuts genoem. Die naam Long Tom het egter gekom om te bly, en so word hulle onthou deur die nageslag van Boer en Brit.

Teen die einde van die oorlog was die geskutkommandante van die vier Long Toms die volgende: Adj. Karel Roos, Luit. Danie Erasmus, Adj. B. J. Esbach en Sers.-Maj. Dawid Cox. By Duiwelskneukels het Luit. du Toit by Adj. Esbach die bevel van sy kanon oorgeneem. Die Long Tom was o.a. in aksie tydens die beleg van Ladysmith en Kimberley. Met die slag van Dalmanutha en Bergendal was al vier die Long Toms wel in of naby die gevegsterrein. Dit is egter seker dat al vier nie in aksie was nie. Met die deurbraak van die Britse magte by Dalmanutha het die vier kanonne in verskillende rigtings getrek. Een Long Tom, dié een onder Adj. Roos, is suid van die Lourenco Marques-treinspoor van die Boeremagte afgesny en het in 'n oostelike rigting getrek. Die twee onder bevel van Luit. du Toit en Sers.-Maj. Cox onderskeidelik, het noord oor Lydenburg getrek. Die vierde onder Luit. Erasmus het al vegtende teruggeval tot op die plaas Rietfontein, 40 myl noordwes van Lydenburg. Op 'n hoë kop aan die Dwarsrivier is die kanon opgestel, en het dit die Britse troepe daar ingewag. Nadat sy laaste bomme op die vyand afgeskiet is, is die kanon om tienuur op 'n oggend met 'n swaar lading dinamiet deur die Boere in die lug laat spring. Om drie-uur die namiddag het die Britse troepe op die plaas aangekom. Dit was die einde van die „Jood", die eerste van die vier Long Toms wat deur die Boere vernietig is. Hierdie Long Tom, die „Jood" genoem, se loop is op Lombaardskop naby Ladysmith op 8 Desember 1899 deur vyandelike troepe met dinamiet beskadig. In *Oorlogsavonture van Wynand Malan,* geskrywe deur H. J. C. Pieterse, word die verhaal soos volg vertel: „In 'n stikdonker nag het Britse soldate

gevorder tot by die staanplek van die Long Tom. Boer en Brit het handgemeen geraak. In die stikdonker kon hulle vriend en vyand nie onderskei nie en het albei kante maar spaarsaam gewerk met die koeëls. Een geval het so gebeur: 'n Boer het op twee vegtendes afgekom, hy stamp die een naaste aan hom met die kolf van die geweer in die ribbes en vra: ‚Jan, is dit jy?' Die Tommie, wat natuurlik nie Afrikaans kon verstaan nie, het geswyg en die Mauserskoot knal met die gevolg dat die Tommie makeer. Jan is op die manier uit die hande van die vyand verlos. Long Tom was egter minder gelukkig want die vyand het daarin geslaag om met springstof die bek van sy loop te beskadig." Gou is die Long Tom na die Z.A.S.M. werkplaas te Pretoria geneem, waar die beskadigde deel van die loop onder toesig van 'n tegnikus van die Creusot-fabriek, afgesaag is en die kanon so herstel is dat dit weer gebruik kon word. Na die besnydenis wat die Long Tom so ondergaan het, het die Boere hom die „Jood" genoem. Die naam Kort Tom is ook deur sommige gebruik, maar die naam „Jood" het voorkeur geniet. Nadat die „Jood" herstel is, is dit onder begeleide van die Ierse Brigade na Kimberley geneem waar dit gou weer in aksie was.

Lord Kitchener het aan sy troepe die bevel gegee dat hulle die Long Toms moet verower. Generaal Botha daarenteen het aan sy manne bevel gegee dat geeneen van die Long Toms in die hande van die vyand mag val nie. Indien die ammunisie sou opraak, of die kanon vasgekeer word, moet dit met springstof vernietig word. Ross Bresler sê in 'n artikel getitel *The Battle of Long Tom Pass* wat in *Kommando* van Desember 1956 verskyn het: „It became an important military aim to destroy them (die Long Toms) at the first opportunity." Dit word vertel dat Lord Kitchener woedend was oor die vernietiging van die „Jood". Sy soldate moes al die stukke wat hulle kon dra vir hom bymekaar maak en op die waens laai. Te meer kan begryp word waarom Lord Kitchener so boos was as 'n mens in gedagte hou in watter toestand hy die „Lady Roberts" terug gekry het, nadat die Boere die „Lady" so 'n bietjie karnuffel het. (Die oorblyfsels van die kanon „Lady Roberts" is by die museum in Boomstraat, Pretoria, te sien.) Soveel waarde is aan die Long Toms geheg dat reeds in 1901 daar stukke van 'n Long Tom by die artillerieskool in Woolwich, Engeland aangekom het.

Wat het uiteindelik van die vier Long Toms geword? Hierdie vraag is reeds in *Die Vaderland* van 3 Augustus 1951 gestel. As gevolg van bogenoemde skrywe het talle oudstryders hulle herinneringe per brief aangebied. In baie gevalle was die gegewens teenstrydig. Mens moet in ag neem dat die herinneringe meer as vyftig jaar teruggaan. Dikwels berus die vertellings op oorvertellings en daarom kan daar ook verskille wees. Ons het reeds die einde van die „Jood" behandel. Die „Jood" was die eerste Long Tom wat deur die Boere vernietig is. Mev. Ella Swart, tans van Sabie, kan nog die presiese plek aandui waar dit plaasgevind het.

Mev. Swart, toe 'n jong dogter, en ander jongmense het saam met sommige van die artilleriste die kanon op die kop besigtig. Tant Ella en haar ander familielede was van hulle plaashuis af ooggetuies van die

vernietiging van die kanon. Na die oorlog het Tant Ella met die hulp van ses meidjies die staalring, van die kop na hulle huis toe afgebring, deur 'n lang hout deur die ring te steek. Die band weeg 240 pond en was deel van die loop van die „Jood".

Die twee Long Toms onder Adj. Esbach en Sers.-Maj. Cox het voor die oprukkende Engelse kolonne al vegtende teruggeval. Sowat vyf myl oos van Lydenburg naby die huidige teerpad is die spore van een van die Long Toms nou nog te sien. Van hierdie posisie af het die Long Tom




*Aksiefoto van Long Tom „Stemrecht" Tydens die beleg van Mafeking.*

op die oormag van Kitchener gevuur. Die twee swaar kanonne is toe met die moeilike pad die berge af, deur die geut (die huidige Staircase in Long Tompas). Tydens die amptelike opening van die Long Tompad op 22 Julie 1953 het dr. W. Nicol, oud-administrateur van Transvaal, die volgende vertel: „Die burgers het met lang toue gehelp om die kanonne op hulle wiele te hou. Terwyl die optog moeilik en stadig voort beweeg, het 'n man by hulle gekom en gesê: ‚Wat sukkel julle so met die ou kanon? Los hom dat hy die kranse afrol.' 'n Veldkornet raas toe met die man en sê: ‚Vat aan die tou en trek!' Sonder teëpraat word gehoorsaam. Die Veldkornet was baie verleë toe hy kort daarna verneem dat die man wat hy so kort gevat het Kommandant-Generaal Louis Botha was."

Op die Duiwelkneukels is die Long Tom van Adj. Esbach opgestel en 'n entjie verder suid dié van Sersant-Majoor Cox. Van die Kneukels af is die Engelse onder vuur geneem toe hulle die berg afgekom het. Deur die geut moes dit gaan, daar was nie links of regs te wyk nie. Dit was

hier waar Long Tom verwoesting gesaai het onder die Engelse soldate en hulle konvooie. Die geveg het hier op die 9de, 10de en 11de September 1901 plaasgevind. Die oormag onder Lord Kitchener, 12,000 man, het van Engeland se puik regimente ingesluit, naamlik die Second Gordon Highlanders, Devonshire Regiment, Startcone Horse en die Royal Engineers. Hierdie mag het soms nie geweet of dit vorentoe en of dit agtertoe moet nie. Kitchener se mag het stadig maar seker vorentoe gebeur, maar Botha het hardnekkig verdedig, en stelselmatig met sy 2,000 man en twee Long Toms terug geval. Op 'n koppie wat deel van die huidige „Staircase" vorm, is 'n bomgat van die Long Tom wat op die Kneukels gestaan het. Hierdie bomgat word bewaar vir die nageslag.


Terwyl die Long Tom van Adj. Esbach op die Kneukels gestaan het, is die bevel van hierdie kanon oorgeneem deur Luit. du Toit. Die ammunisie van Cox se kanon het opgeraak en die vyand kom steeds nader. Twee Iere het te perd gejaag tot by die Kneukels, en by Luit. du Toit het die een 'n bom en die ander 'n sakkie kruit gekry. Met die moeilike vrag voor op die saal, is die twee Iere terug na Sers.-Maj. Cox toe. Long Tom is gelaai met hierdie bom en het groot verwoesting en verwarring onder die vyand gesaai. Die vyand het geaarsel en die Boere kans gegee om met hul kanonne weg te kom.

Mnr. Izak Greyling het vertel dat dit uiters moeilik gegaan het, want van die bediening van agt man het vyf reeds weggevlug en die helfte van die 20 osse wat die Long Tom moes trek, is stukkend geskied. Heldhaftig het die geharde Boere hulle kanonne weer in veiligheid gebring en so het die Long Tom met eer hierdie laaste georganiseerde weerstand beëindig.

Na die slag van die Long Tompas, soos dit vandag bekend is, het die twee noordwaarts getrek. Na omswrewinge ontmoet ons weer die Long Tom van Luit. du Toit sowat drie myl oos van Haenerstburg langs die Letabarivier. Die osse was maer en uitgeput. Daar moes gerus word. Intussen het Sers.-Maj. Cox met sy Long Tom ook by Haenertsburg aangekom. Omdat die voorwa van Cox se Long Tom al baie sleg was, word besluit om Cox te kanon te vernietig en die orige skietgoed aan Luit. du Toit te gee. Cox se Long Tom is toe met springstof vernietig en die stukke in die Letabarivier gegooi. In 1953 het mnr. Barkhuizen van Haenertsburg die presiese plek aan die Letaba waar die kanon vernietig is, aangewys. Op dieselfde dag het daar ook 'n Bantoe gekom wat vertel het dat die Engelse sy vader en ander Bantoes gehuur het om die stukke yster met hulle osse uit die rivier te sleep tot aan die pad. Hier het die Engelse die kanonreste op hulle waens gelaai en weggeneem. Die ou Bantoe het ook bevestig dat dit die plek is waar die kanonne vernietig is.

Die Long Tom van Luit. du Toit was op 'n koppie omtrent agt myl noord van Haenertsburg opgestel. Die kop was destyds genoem Houtboskop, maar staan vandag bekend as Feeskop of Kanonkop. Van hierdie kop af is die laaste van sy ammunisie op die vyand afgeskiet. Onder die neus van die aanstormende Engelse soldate is hierdie Long Tom met 'n swaar lading plofstof in die lug laat spring.

Oor die einde van die vierde en laaste Long Tom is daar groot meningsverskil. Deur verskillende oudstryders word die volgende plekke aangewys: 'n Long Tom sou agter die Militêre Hoofkantoor op Pretoria staan; 'n ander meen dat een in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein staan; nog 'n ander sê dat een van die kranse naby Louwsburg in Natal afgestoot is; ander wil weer dat een in die nag van die kranse in die



*Die „Jood" na herstelling in die werkswinkels van die Z.A.S.M. gereed om na Mafeking vervoer te word.*

distrik Carolina afgestoot is; nog 'n ander beweer dat een van die Long Toms in 'n seekoeigat gegooi is naby Ermelo by die brug by Beginderlyn.

Genl. Ben Viljoen skryf in sy *Myn Herinneringe over der Oorlog* 1899 *tot* 1902 dat, toe die Boerelaer naby Komatipoort gestaan het, het hy die onaangename taak gehad om die burgers mee te deel, dat die wat perde het met die kommando kan saamtrek Zoutpansberg toe, en die wat te voet is, maar moes omdraai. Die wat toe agtergebly het, het gelukkig die teenwoordigheid van gees gehad om die Long Tom te vernietig. In 'n amptelike stuk van die Krygshistoriese Afdeling van die Weermag, Pretoria, word die eindpunt van een van die Long Toms as Komatipoort aangegee. In 'n brief van mnr. J. J. van Rensburg, gedateer 10 September 1951, skryf hy dat die Long Tom wat by Dalmanutha diens gedoen het, later by Nelsberg uit getrek is, op Barberton op die trein gelaai is en by

Hectorspruit vernietig is. In *Die Vaderland* van 22 Augustus 1951 skryf mnr. I. Greyling dat die Long Tom van Adj. Roos tot by die Portugese grens geneem is, en toe in daardie omgewing vernietig is in opdrag van Genl. Ben Viljoen.

Op die plaas Simmington by Hectorspruit het 'n paar ysterwiele gestaan wat volgens getuies die van 'n Long Tom was. Die wiele is ongelukkig verkoop as ou yster. Wyle mnr. Pieter Lafras de Jager, 'n oudstryder, het verklaar dat die wiele die van 'n Long Tom was, en dat die kanon begrawe was, maar dat hy vir niemand sal sê waar die kanon begrawe is nie. In die boek *Historiese Opstelle* deur Gustav Preller lees mens op bladsy 161 die volgende: Al vier die stukke is van die front met die Kommando's weer terug en het deelgeneem aan die slag te Dalmanutha. Een op die treinspoor ingerig — waarna die ammunisie vrywel uitgeput was en een na die ander van die stukke moes opgeblaas word. Een in die nabyheid van Krugersdorp, twee in die omgewing van Haenertsburg en een te Nelspruit op die treinspoor. (Krugersdorp hierbo moet 'n drukfout wees. Wat in alle waarskynlikheid bedoel was, is Krugerspos. Die plek waar die Jood vernietig is, is nie ver van Krugerspos nie.)

Die vier eindpunte van die vier Long Toms kan dan as volg opgesom word: Die van Luit. Erasmus op Rietfontein naby Lydenburg, die van Sers.-Maj. Cox aan die Letaba drie myl oos van Haenertsburg, die van Luit. du Toit (Adj. Esbach) op Kanonkop of Feeskop agt myl noord van Haenertsburg, en die van adj. Roos in die omgewing van Komatipoort.

Dit strek die Boere onder Genl. Botha tot groot eer dat nie een van die vier Long Toms heel in die hande van die vyand geval het nie. Ten spyte van die oormag aan man en materiaal, was die Engelse nie in staat om hulle bevelvoerder, Lord Kitchener, se bevel uit te voer nie, al was dit om maar een Long Tom te verower!

D. C. Grobler.

Met dank word hiermee die volgende bronne van informasie erken:

1. Generaal Ben Viljoen se boek *Myn Herinneringe over den Oorlog.*
2. Krygshistoriese Afdeling van die Weermag, Pretoria.
3. Briewe en vertellings van mnr. I. Greyling.
4. Brief van mnr. J. J. van Rensburg.
5. *Die Vaderland* van Augustus en September 1951.
6. *Oorlogsavonture van Wynand Malan* van H. J. C. Pieterse.
7. Mev. Ella Swart, tans van Sabie.
8. Die tydskrif *Kommando* van Desember 1956.
9. Briewe en ander bronne.